8 November 2026

Oggend diens

Sing: Ps. 100:1,2; Ps. 100:3,4; Ps. 111:2,4; Ps. 105:1,2; Ps. 105:5; Ps. 134:4; Ps. 146:1,8

Lees: 2 Tim. 1:1-7

Teks: 2 Tim 1:6-7

Tema: Die Here het sy genade in Christus aan ons gegee, daarom moet ons dit aanwakker.

Die genade wat die Here gee

Wanneer Paulus sy tweede brief aan Timoteus skrywe bevind hy homself in die gevangenis onder baie moeilike omstandighede. Hy skryf hierdie laaste persoonlike brief aan Timoteus om hom te bemoedig en te versterk vir sy eie bedieningswerk wat voorlê. Die genade wat die Here aan hom betoon het is ‘n getuienis van die Here se werk in sy lewe. Hy het sy diens aan die Here met ‘n rein gewete uitgevoer want dit is rein gewas deur Christus. Die genade van die Here is ook duidelik in die lewe van Timoteus self want hy en sy moeder en grootmoeder se lewe getuig van die ongeveinsde geloof wat sigbaar word. by die bediening van die doop en eindelik belydenis van geloof kan ons getuig van die Here se groot genade wat in ons lewe sigbaar word.

Die gawes wat ons aanwakker

Paulus getuig nie net dat die geloof in hulle gawes sigbaar word nie, maar hy moedig ook nou vir Timoteus aan om hierdie gawes aan te wakker. Die geloof wat die Here aan hulle gegee het. die geloof wat die Here aan Timoteus gegee het is ‘n gawe van die Heilige Gees en daarom moet dit aangewakker word. Dit is God die Heilige Gees wat aan die gelowiges die gawes van krag en liefde en selfbeheersing gegee. Die Gees werk nie vreesagtigheid nie. Die vreesagtigheid waarvan hier melding gemaak word is om nie aan te meld vir diens nie. Die Here het sy Gees aan ons gegee om ons in die geloof op te bou en te versterk. By die belydenis van ons geloof en in die versterking deur die sakramente kan ons seker wees dat die Here met ons is.

Aand diens

Sing: Ps. 150:1,3; Ps. 97:1,6. Ps. 145:1,2,12.

Lees: Joh. 1:15-34; NGB 8,9

Teks: NGB 8,9

Tema: Ons glo op grond van die Skrif in God Drie-Enig.

Die wonder van die Drie-Eenheid.

Johannes skryf sy weergawe van die evangelie van Christus sodat die gelowiges die regte perspektief op die Goddelikheid van Jesus kan hê. Christus is van die begin af, die Woord wat vlees geword het. Johannes die Doper is nie die Christus nie, maar Jesus is die Een wat van die begin by die Vader was. Net soos Christus by die Vader was, is die Gees ook die derde persoon van die Drie-Eenheid. Die wonder hiervan word openbaar wanneer Johannes vir Jesus doop, die hemele oopgaan die Gees in die gedaante van ’n duif op Christus neerdaal. Ons belydenis erken die wonder en die misterie van hierdie openbaring.

Die werking van die Drie-Eenheid.

Te midde van die misterie van die Drie-Eenheid en die onverklaarbaarheid daarvan, kan die gelowige kinders van die Here tog iets van die werking daarvan bely. Die Vader en die Seun en die Heilige Gees is inderdaad een, maar het elk ook sy eie selfstandigheid en werking. By die Vader sein ons die oorsprong, skepping en onderhouding van alle dinge. Christus is weer die Woord en die Wysheid en die beeld van die Vader. Die Heilige Gees is die krag en die mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Die openbaring van die Drie-Eenheid.

Die wonder en die werking van die Drie-Eenheid berus nie op menslike denke en bespiegeling nie, maar op die openbaring van die Here self in sy Woord. Ons belydenis oor dit wat die Here van Homself openbaar kan dus met volle vrymoedigheid aangeneem word. Dit is hoe die Here geken en aanbid wil word.